

17 Maart

Skrifgedeelte: Matteus 27:51-66 (NAV)

Laat ons met vrymoedigheid na God gaan

“Dit is volbring!” Dit is ‘n triomfantlike hoogtepunt in die geskiedenis. God onderstreep dit met ‘n aardbewing, rotse wat verkrummel, grafte wat oopgaan en die voorhangsel van die tempel wat middel deur skeur. Hoe die voorhangsel geskeur het, word nie gesê nie. Wat wel belangrik is: Die gordyn wat die Allerheiligste van die res van die tempel skei, is weggeneem. Die Allerheiligste was simbolies die woonplek van God. Niemand kon daar ingaan behalwe die Hoëpriester wat eenkeer per jaar versoening moes doen vir sy eie en die volk se sonde (Lev 16:11). Sonde bring altyd skeiding tussen God en mens. Toe Jesus sy versoeningswerk voltooi het, het Hy vir eens en altyd daardie aaklige skeiding tot niet gemaak. Ons, mense wie se lewe bevlek en besoedel is deur sonde, het nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot God. Die verreikende gevolge daarvan word in Hebreërs vir ons uitgespel:

Laat ons tot God nader met ‘n opregte hart en volle geloofsekerheid.

Laat ons styf vashou aan die geloof wat ons bely.

Laat ons na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade.

Laat ons mekaar aanmoedig om na die samekomste van die gemeente te gaan (Heb 10:19-25).

Wat ‘n wonderlike voorreg het ons vandag dat ons nie tussengangers nodig het om na die Vader te gaan nie. Sy troonsaal se deur staan elke dag vir jou oop!

Sing: Skrifberyming 10:3,4,5,6

Ds APC Duvenage (Emeritus)